



# PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

PRIVAATSAK X53

PRINCE ALBERT

6930

**DEPARTEMENT: INFRASTRUKTUUR DIENSTE**

**VAKATURE: OPERASIONELE FASILITEERDER: PROJEKBESTUURSEENHEID**

## **KENNISGEWING NR 13/2017** **INTERNE KENNISGEWING**

*Die Prince Albert Munisipaliteit is verbind tot billike, doeltreffende en volhoubare dienste vir die totale gemeenskap.*

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as: **OPERASIONELE FASILITEERDER: PROJEKBESTUURSEENHEID**

### **VEREISTES**

- Matriek/Graad 12 of toepaslike ondervinding
- Rekenaarvaardig
- 'n Geldige Kode C1 Rybewys
- Goeie interpersoonlike vaardighede en menseverhoudings
- Bereidwilligheid en beskikbaarheid om bystanddiens te doen
- Projekbestuur kwalifikasie
- Minstens drie tot vyf jaar toesighouer
- Goeie kommunikasievaardighede in ten minste twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap

### **PLIGTE**

- Verantwoordelik vir Beroepsgesondheid en Veiligheid op tegniese projekte
- Verseker dat werkstandaarde gehandhaaf word binne neergelegde projek parameters
- Koste- en tydsbestuur op projekte
- Probleemoplossing op projekte in dienslewering binne Tegniese Departement
- Ondersteuning ten opsigte van kliëntediens
- Koördinerings en skedulering van operasionele aktiwiteite binne tegniese afdeling in samewerking met die Bestuurder: Tegnies
- Verslagdoening
- Uitvoer van bystandpligte soos en wanneer nodig;

**SALARIS: T10 VAN 'N GRAAD 2 MUNISIPALITEIT PLUS NORMALE BYVOORDELE**

**STATUS VAN POS: PERMANENT**

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG, 10 MAART 2017**

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm met gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **ME. DEBBY MOONEYS-PERSONEEL AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel. 023-5411 036, voor of op **VRYDAG 10 MAART 2017**.

Prince Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheem benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen.. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

PRIVAATSAK X53

PRINCE ALBERT, 6930

TELEFOON NO: 023 – 5411320

FAKS NO: 023 – 5411321

E-Pos Adres: [debbiem@pamun.gov.za](mailto:debbiem@pamun.gov.za)



**HFW METTLER**  
**MUNISIPALE BESTUURDER .**

--	--